

Maandag

Skriflesing 2 Kor. 4: 16 -18; 5: 14 – 2; Gal. 3: 23, 24; 4: 2, 3. 5: 22 – 25. Teks 2 Kor. 4: 16 Tema: "Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort." Dít is die groot verskil tussen al die afgodsdienste van hierdie wêreld en ons geloof in en liefde vir die Here:

* Hulle bekeer hulle self om nuwe mense te word en hulle self innerlik te vernuwe.

Christene bekeer hulle van sonde omdat hulle nuut is en vernuwe wórd!

Ons leef elke dag hier in Levubu binne in 'n voorbeeld wat vir ons dit baie mooi en duidelik uitwys – die verskil tussen ou plase en nuwe plase! NUWE PLASE:

Wanneer jy so tussen die plase rondry dan sien jy hier is 'n mooi plaas wat blink van die nuutheid. Die bome is mooi diep groen, dra baie blomme, hang vol vrugte, die onkruid is dood, die kragdrade is reg, die pompe werk en jy sien hoe die water besproei word en elke paar weke sien jy iets nuuts het gebeur. Die bome is gesnoei, die bome is geverf teen die son en nuwe watervore is gemaak. Elke keer lyk die plaas al nuwer en nuwer! En so tussen al die plase wat nuut is en nuwer word, sien jy die ou plase.

OU PLASE: Die bome lyk vaal en verwaarloos, die waterpype is stukkend en weg, die bossies groei hoër as die bome, en dit is 'n broeiplek van goggas en ape.

Wat maak die VERSKIL tussen grond wat 'n nuwe plaas is en al hoe nuwer word en grond wat 'n ou plaas is en al hoe ouer word hier in Levubu?

Daar is regtig net een verskil! Die EIENAAR-BOERE van die plase! Die mooi nuwe plase behoort aan 'n boer wat die eienaar van die grond is en 'n titelakte het. Die ou plaas behoort aan almal wat grond WIL HÊ, maar NOOIT SELF BOERE is of wil wees nie. Daarom moet iemand op die grond werk aan wie die plaas nooit BEHOORT nie. Die eienaar maak die verskil! Wie aan Christus behoort is 'n nuwe skepsel! (2 Kor. 5:17) Ons is nuwe mense omdat ons behoort aan'n die Here wie ons elke dag vernuwe. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Skriflesing 2 Kor. 4: 16 -18; 5: 14 – 2; Gal. 3: 23, 24; 4: 2, 3. 5: 22 – 25. Teks 2 Kor. 4: 16 Tema: "Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort."

Boere maak plase nuut deur dit wat hulle uithaal en dit wat hulle insit! Hulle haal al die onkruid, al die goggas in bome en al die onsuiverhede uit die grond uit. Hulle sit pompe, krag, kunsmis, water en bome in. Die Here maak ons nuwe mense deur alles wat Hy uit ons uithaal en insit. Paulus som dit só op: "Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons sonde gemaak, sodat ons in Hom geregverdig kon word." Christus word die sondaar in ons plek om al ons sondes UIT ons lewe uit te haal. Hy word as sondaar vir ons oortredings aangekla, vir ons slegtheid vervloek, vir ons skuld gestraf en vir ons smet verwerp sodat God al hierdie goed vir altyd UIT ons wegvat: oortredings, slegtheid, skuld en sondesmet! En... die Here maak ons nuut deur alles wat Hy IN ons INSIT! Paulus som dit in al sy briewe op met die woord: "geregverdig" – reg gemaak! Alles wie die Here vir ons as mens is in Homself, sit Hy binne IN ons IN. Die Here sit sy heiligheid, sy onberispelikheid, sy smetloosheid (Kol 1:), sy onskuldigheid en sy goedheid as mens in ons in om ons

eie te wees. Hierdie vernuwing is dag tot dag! Paulus stel dit só: “Daarom gee ons nie moed op nie, want selfs al vergaan ons uiterlike mens, word ons van dag tot dag vernuwe” Net so sien ons dit op elke boer se plaas. Al word die bome uiterlik al hoe ouer en ouer, bly hulle nog steeds bome wat vrugte dra, want die boer is elke dag besig om alles wat peste is uit te haal en alles wat nodig is in te sit. Wanneer ons onself elke dag oud en verslete maak met ons eie onheiligheid, ons eie skandes en smet, ons eie oortredings en skuld, dan kom die Here en maak ons elke dag weer heilig, sonder smet, onberispelik, onskuldig en regverdig. Die Here vernuwe ons dag vir dag! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Skriflesing 2 Kor. 4: 16 -18; 5: 14 – 2; Gal. 3: 23, 24; 4: 2, 3. 5: 22 – 25. Teks 2 Kor. 4: 16 Tema: "Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort." Oppassers, bestuurders en voogde kan nie plase nuut maak nie! Met watter sogenaamde vernuwing is hulle mee besig as hulle die bome en boerdery agteruit laat gaan? Agteruitgang is die "vernuwing" van bestuurders! Wat kort in hierdie sogenaamde vernuwing? Die boere wat die eienaars is, is weg. Hulle het weggegaan van hul plaas af en los hierdie werkers wat nou bestuurders en voogde is op hulle eie. Paulus wys hierdie kerklike verval wat as vernuwing voorgehou word: “Maar nou dat die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van oppassers nie.” (Gal. 3: 25) In Gal 4. 4 noem hy hierdie oppassers “bestuurders” en “voogde”. ’n Kerk vol oppassers, bestuurders en voogde, maar daar is geen meer werkers nie. Paulus noem hom en elke predikant, ouderling en diaken – dienaars, werkers van die Here. Die Here se werkers se werk is om die evangelie te preek en die doop en nagmaal te bedien. Maar wat gebeur vandag in die kerk? Werkers het oppassers, bestuurders en voogde geword. Hulle is nie meer besig om die evangelie te bedien nie, maar iets nuuts in te bring, dit is spiritualiteit. Hulle bedryf geestelikheid en daarom is hulle geestelike bestuurders, voogde en oppassers! Predikante noem hulle self openlik nou “bemaagtigde leiers” en direkteure en tree so in kerklike vergaderinge op! Dit is hoe die Algemene Sinode nou besluite kan neem teen God se Woord – want dit is die bestuurders se spiritualiteit! Hulle sien hul self as die kerk se geestelike direkteure en hul vergaderings as direksie vergaderings waarin hulle bestuursbesluite vir die geestelikheid van die lidmate neem, en hulle moet dit uitvoer. In hierdie "vernuwing" is Hy (die Boer, die Here) wat dag tot dag vernuwe... weg! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Skriflesing 2 Kor. 4: 16 -18; 5: 14 – 2; Gal. 3: 23, 24; 4: 2, 3. 5: 22 – 25. Teks 2 Kor. 4: 16 Tema: "Ons is nuut en word innerlik vernuwe omdat ons aan Christus behoort." Vernuwing met nuwe gimmicks! Dit is hoe werkers wat skielik bestuurders en direkteure van plase geword het se koppe werk! Op plase wat opgeëis is van boere is hulle altyd met splinternuwe goeters besig: trekkers, motorfietse, bakkies en implemente. Met al hierdie nuwe goeters gaan die boerdery egter net al meer agteruit, en word al hoe ouer. Nuwe goeters vernuwe nie grond nie, boere vernuwe

grond. Paulus stel dat die Here aan hom en sy medewerkers die evangelie as boodskap van versoening toevertrou het. (2 Kor. 5:20) Paulus se medewerker Lukas, beskryf in Handeling 4 hoe die Here met sy werkers die kerk begin bou en versorg het: deur die evangelie oor sy dood en opstanding te preek, die doop en nagmaal te bedien en die gelowiges te tugtig. Hierdie evangeliebediening het nou vandag uit die kerk verdwyn vir al die nuwe geestelike goeters wat die werkers (wat nou bestuurders is), mee besig is: Hulle meen hulle kry God se krag en stort God se krag uit! Hulle kry nuwe geestelike en missionale visies en missies wat hulle glo is God se eie drome is waarmee hulle almal wil vernuwe! Hulle kry nuwe geestelike aandoeninge en ervarings wat hulle glo hulle voogde maak om ander ook sulke goed te laat beleef. En met al hierdie geestelike nuwe goeters gaan die kerk net agteruit en raak al meer en meer verval. Want God loop weg.... nes boere van plase wat vir werkers onteien is, loop! God laat Hom nie geestelikes se arbeider maak nie. Kyk hoe kondig die apostel Johannes dit aan "Anders, as jy nie tot bekering kom nie, sal Ek na jou toe kom en die kandelaar van sy staanplek af verwyder." (Open. 2:5) Die Here vat sy Gees uit die gemeentes uit weg waar werkers nie meer hul werk doen nie, maar as bestuurders met nuwe geestelike goed rondspeel. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Skriflesing 2 Kor. 4: 16 -18; 5: 14 – 2; Gal. 3: 23, 24; 4: 2, 3. 5: 22 – 25. Teks 2 Kor. 4: 16 Tema: "Ons is nuut en word innerlik vernuwe omdat ons aan Christus behoort." Werkers wat kamstige plaasbestuurders is, is op hulle gelukkigste wanneer alles van self werk! Dit is hoe hulle boer! Piesangs moet sommer self net piesangs dra, sonder besproeiing, bemesting, bestuur, en hulle kom net pluk wat sommer alles van self werk, soos hulle gewoon is alles in die veld sommer net van self daar is. Die bome moet hulle self elke dag vernuwe sonder 'n eienaar en sonder werkers! Dit is hoe die kerk vandag bekerings verkondig! Mense moet hulle self deur bekerings vernuwe! Hulle moet sonder die verkondiging van die evangelie en die bediening van die doop en nagmaal, nou sommer net self vrug dra om nuut te word. Hulle bekerings moet hulle nuut maak, net soos bome se vrugte hulle nou sommer skielik nuwe bome moet maak. En dit sonder 'n eienaar wat hul dag vir dag vernuwe! Werkers wat nou bestuurders en voogde is, kan dan weer volgens die begeertes van hulle harte leef en nie werk volgens die eise van hul werkgewer nie! Ons sien elke dag hier in Levubu hoe hierdie nuwe bestuurders nou piesang-, avo-, en neutboorde nou weiding vir hul beeste maak, wat sommer net so rondloop en alles werk weer van self! Hulle maak eie besproeiingsdamme visvangplekke, eie plase jagplekke en kap hul eie vrugtebome af as brandhout! So lyk die kerke en gemeentes waar die werkers van die Here nou die geestelike bestuurders, voogde en oppassers van gemeente geword het. Hulle het die Here as eienaar in hul diens verklaar. Maar... die Here werk nie in hierdie kerke en gemeentes nie. Die Here het sy Gees as kandelaar gevat en geloop! Nou is lidmate in hierdie vervalde gemeentes die jagplek, die visvangplek en brandhout van geestelikes se magsdrome en sosiale

transformasies. Geestelike leiers is só op hul gelukkigste... in vervalte gemeentes!
Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus